LAERSKOOL LOUIS LEIPOLDT

EKSAMENREGULASIES Gr 4 - 7 – NOVEMBER 2018

Vanaf Woensdag 12 November mag u die leerders om 12:00 kom afhaal. Daar is toesig tot 13:40 vir die leerders wat nie afgehaal kan word nie. Geen wisseling vind vanaf die 12 de November plaas nie.100% Skoolbesoek word die 23 November afgesluit.

Die eerste sessie is vanaf 08:00 tot 10:00 en tweede sessie vanaf 10:30 tot 12:00.

1. Normale skoolreëls geld.
2. Indien ‘n leerder as gevolg van ernstige siekte/grondige rede nie die eksamen op die geskeduleerde datum kan skryf nie, moet sy/haar aansoek om uitstel/skryf van die vraestel met ‘n mediese sertifikaat of brief vanaf die ouers aangebied word. Die skryf van so ‘n vraestel moet persoonlik met die betrokke onderwyser en departementshoof gereël word en moet voor die datum van die laaste vraestel (laaste dag van die eksamenreeks) afgehandel wees.
3. Indien die leerder nie die eksamen kon aflê nie as gevolg van ernstige siekte/grondige rede, sal hy/sy ‘n afwesigheidspunt (a) op sy rapport kry.
4. Leerders wat laat kom, sal nie ekstra tyd gegee word om vraestelle te voltooi nie (behalwe in die geval van geldige redes wat deur die ouer(s) self aangebied word).
5. Geen kussings, komberse, ipods, elektroniese speletjies, selfone of enige ander speletjie is toelaatbaar in die klas nie.
6. Geen eet, spesifiek kougam, in die klas nie.
7. Wanneer die vraestelle uitgedeel is, mag die leerlinge nie meer rondkyk of op enige manier met ‘n maat kommunikeer nie. Indien ‘n persoon sou praat terwyl hy/sy besig is met ‘n vraestel word die vraestel ingeneem en ‘n nuwe vraestel word aan die persoon gegee. Dit moet binne die tyd wat nog oor is, voltooi word.
8. Indien die persoon weer sou praat, word die vraestel ingeneem en kry hy/sy ‘n nul.
9. Indien ‘n persoon betrap word terwyl hy/sy oneerlik is, word dieselfde stappe as in nommer 7 en 8 gevolg.
10. In beide gevalle word die ouers gekontak.
11. Leerders kry voldoende geleentheid om die kleedkamers voor die vraestel uitgedeel word, te besoek. Slegs in dringende gevalle (neusbloeding / erge maagaandoening) sal die persoon die klas kan verlaat.
12. Indien ‘n leerder onseker is oor ‘n vraag, word sy/haar hand opgesteek. Hy/Sy mag nie opstaan nie.
13. Geen skryfbehoeftes mag uitgeleen of geleen word terwyl ‘n vraestel geskryf word nie.
14. Slegs skryfbehoeftes vir die gegewe vak mag op die leerder se tafel wees.
15. Geen “tippex” mag gebruik word nie.
16. Leerders skryf met ‘n blou pen, behalwe waar dit anders aangedui word.
17. Bring die studiemateriaal van die vak wat hy/sy skryf, asook volgende skryf, saam.
18. Departementele vraestelle word op 14, 16 en 19 November geskryf. Die vraestelle begin eers om 9:00 die betrokke dag

Gr. 4

November Eksamen 2018

Datum	Vak
Maandag 12 November	**Afrikaans** Sien aangeheg
Dinsdag 13 November	**SW Geskiedenis** Sien aangeheg
Woensdag 14 November	**NWT** Sien aangeheg
Donderdag 15 November	**PSW** Kwrt 1 Bl 4-5, 8-9, 10-11, 14-17 Kwrt 2 Bl 54-55, 60-61, 64-65, 68-69 Kwrt 3 Bl 96-97, 100-101, 104-150, 106,111 Kwrt 4 Bl 146-147, 150-157
Vrydag 16 November	**Wiskunde** Sien aangeheg
Maandag 19 November	**Engels** Sien aangeheg
Dinsdag 20 November	**Geen vraestel**
Woensdag 21 November	**Kuns** Sleutelwoorde: Bl 38 (3) bl 40 (2) bl 42 (3) bl 84 (2) bl 88 (4) bl 130 (1) bl 133 (3) bl 174 (2) bl 176 (2) Bl 38 Die elemente van kuns Bl 40 Teken en gebruik kleur Weet wat simmetrie is. * Bring uitdraaikryte / kleurpotlode (rooi, bou, geel, groen, oranje en pers) moet daarin wees **Musiek** Musiek teorie Opsomming bladsy 1,2 en 3
Donderdag 22 November	**Geen vraestel**
Vrydag 23 November	**SW Geografie** Sien aangeheg

Gr. 5

November Eksamen 2018

Datum	Vak
Maandag 12 November	**Afrikaans** Inligtingstuk. Kwartaal 1-4
Dinsdag 13 November	**SW Geskiedenis** Kwartaal 3 en kwartaal 4 leer alle werk **Uitsonderings:** Geen aktiwiteite nie Geen gevallestudies nie Nie die Egiptiese alfabet nie
Woensdag 14 November	**NWT** Onderwerp 10: Gebergde energie in branstowwe bl. 112 – 115, 118, 124, 125 Onderwerp 11: Energie en elektrisiteit bl. 127 – 130, 132 – 139 Onderwerp 12: Energie en beweging bl. 142 – 146 Onderwerp 13: Stelsels om dinge mee te beweeg bl. 149 – 152, 154 Onderwerp 14: Planeet Aarde bl. 161 – 164 Onderwerp 15: Die oppervlak van die aarde bl. 167 – 173, 175 – 178 Onderwerp 16: Sedimentgesteentes bl. 185 – 188, 190 – 193 Onderwerp 17: Fossiele bl. 196 – 199, 202 – 206
Donderdag 15 November	**PSW** Kwartaal 1 bl. 4 – 19 Kwartaal 2 bl. 50 – 65 Kwartaal 3 bl. 96 – 111 Kwartaal 4 bl. 142 – 153
Vrydag 16 November	**Wiskunde** Alle behandelde werk van kwartaal 1 – 4(enige metodes mag gebruik word). Los Tema 1, 2, 8, 23, 24, 26 en 36 uit.
Maandag 19 November	**Engels** Kwartaal 1-4 Inligtingstuk
Dinsdag 20 November	**Geen vraestel**
Woensdag 21 November	**Kuns** Kleur: Primêre en sekonêre Kleure. Komplimentêre kleure, Lyn. Alles op klas aantekeninge. Bl 38 en 39 **Musiek** Leer opsomming bl. 1 en 2
Donderdag 22 November	**Geen vraestel**
Vrydag 23 November	**SW Geografie** Kwartaal 3 en kwartaal 4 leer alle werk **Uitsonderings:** Geen aktiwiteite nie Geen gevallestudies nie Geen kaarte in kwartaal 4

Gr. 6

November Eksamen 2018

Datum	Sessie 1
Maandag 12 November	**Afrikaans HT** Memo's 1 – 18 Alle taal in die handboek
Dinsdag 13 November	**SW Geskiedenis** Kwartaal 3 en kwartaal 4 leer alle werk **Uitsonderings:** Geen aktiwiteite nie (Behalwe aktiwiteit 3 , Eenheid 1, kwartaal 3) Geen gevallestudies nie Nie die woorde van die volkslied nie
Woensdag 14 November	**NW** Kwartaal 3 en 4
Donderdag 15 November	**PSW** Kwartaal 1 bl. 4 – 21 Kwartaal 2 bl. 60 – 79 Kwartaal 3 bl. 110 – 125 Kwartaal 4 bl. 158 – 179
Vrydag 16 November	**Wiskunde** Handboek en skrif: Tema 1 – 38 bl 1 – 240
Maandag 19 November	**Engels** Sien aangeheg
Dinsdag 20 November	**Kuns Prakties** Voltooi klasopdrag. Bring gom en twee tydskrifte
Woensdag 21 November	**Kuns** Kleur: Primêre en sekonêre kleure. Balans, monochromatiese kleure. Alles op klas aantekeninge. bl 48 en 49 **Musiek** Leer opsomming bl. 1 en 3
Donderdag 22 November	**Geen vraestel**
Vrydag 23 November	**SW Geografie** Kwartaal 3 en kwartaal 4 leer alle werk **Uitsonderings:** Geen aktiwiteite nie Geen gevallestudies nie